Publication: Beeld,Daily (Main)
Publication Date: 01 Aug 2017
Page: 7

AVE: 49166.92
Circulation: 41286
Part: 1 of 1



# Sulke optrede verg moed


Amanda Gouws




Die afgelope 20 jaar was daar drie vroue wat lede was/is van die ANC wat hulself by uitstek teen korrupsie in die regering uitgespreek het.

Hulle is Pregs Govender, Thuli Madonsela en Makhosi Khoza.

Vir die mans in die ANC wat hulself ook uitspreek, is die gevolge anders as vir vroue.

Govender was gedurende die termyn van oudpres. Thabo Mbeki lid van die parlement en voorsitter van die gesamentlike staande komitee oor die lewensgehalte en status van vroue.

Sy het ernstige besware teen Mbeki se vigsontkenning gehad, asook oor die wapentransaksie (wat later die wapenskandaal geword het) en die groot bedrae geld wat aan wapens bestee sou word.

Sy was skerp in haar kritiek op albei kwessies en was die enigste ANC-LP wat haar teen die wapenbegroting uitgespreek het.

Sy het 'n groot prys daarvoor betaal toe sy gedwing is om as lid van die parlement te bedank.

Ná hierdie pynlike episode in haar lewe het sy die boek *Love and Courage* geskryf wat reeds 'n aanduiding gegee het dat die ANC besig was om die pad byster te raak.

Madonsela was as openbare beskermer vreesloos met haar hantering van korrupsie in die regering. Sy is iemand wat die oorsigrol van die hoofstuk 9-liggame, waarvan die openbare beskermer een is, ten volle verstaan het en het die feit dat 'n regering verantwoordbaar aan die burgers behoort te wees baie ernstig opgeneem. (Wie kan nog die name van die openbare beskermers voor haar onthou? Hulle het so min oorsig gedoen.)

Met haar hantering van die Nkandla-korrupsie en Zuma se verhouding met die Guptas het sy baie vyande in die regering gemaak. Sy is afgemaak as 'n agent van die Amerikaanse CIA en het doodsdreigemente ontvang.

Khoza, wat die voorsitter was van die komitee wat die nuwe openbare beskermer aangestel het, maak nou beter werk daarvan om die regering verantwoordbaar te hou as die huidige openbare beskermer, wat met haar eerste verslag haar mond verbrand het.

Khoza en haar kinders word nou al weke lank met die dood gedreig.

Al drie hierdie vroue verstaan wat die verskil tussen partylojaliteit en onpartydigheid is. Hoewel hulle al drie deur die leerskool van die ANC gekom het, is hulle – anders as die vroue van die ANC-vroueliga – nie deel van die patronaatnetwerke nie.

Madonsela het geweet sy sal nie haar werk kan doen as 'n partylojalis nie, en so ook Khoza en Govender.

Daar is 'n sekere integriteit wat bo verdenking staan. Mans wat die ANC kritiseer en wat ná die volgende verkiesing steeds hul posisie in die regering wil behou of daaraan dink om deel van die ANC se topstruktuur te wees, pas meer selfsensuur toe.

Is Suid-Afrika besig om 'n mafiastaat te word waar kritici en regsgeleerdes met die dood gedreig word of werklik doodgemaak word indien hulle in die pad van korrupsienetwerke staan?

In Italië word baie landdroste elke dag met die dood gedreig en regters moet hul motors met bomspeursenders toerus. Hulle is nooit seker of hulle in die aand lewend by die huis gaan kom nie.

Die sluipmoorde wat die laaste weke in KwaZulu-Natal en nou ook in die Oos-Kaap voorkom, is net nog tekens van hoe die demokratiese burgerregte van vryheid van spraak, vryheid van byeenkoms en vryheid van beweging hul waarde verloor het.


■ **Prof. Gouws is verbonde aan die departement van politieke wetenskap aan die Universiteit Stellenbosch en spesialiseer in gender en politiek.**




**Makhosi Khoza** Foto: CONRAD BORNMAN



**Thuli Madonsela** Foto: THEANA BREUGEM



**Pregs Govender** Foto: SHMUEL THALER


This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.